PENSIOEN NUUSBRIEF
van die NG KERK in SA

JUNIE 2007

Sinodale Kantoor
De Langestraat 5
BELLVILLE. 7530

Privaatsak X8
BELLVILLE. 7535
Tel: 021 957 7115
Fax 021 957 7101

E-pos:
pensioen@kaapkerk.co.za

DOEL VAN DIE NUUSBRIEF

Hierdie nuusbrief word aan u as lid versprei om u in te lig oor u fonds en enige verwikkelinge wat die fonds raak. Die pligte van die Trustees van die Fonds is onder meer om te verseker dat voldoende en toepaslike inligting aan die lede van die fonds verskaf word om hulle in te lig oor hul regte, voordele en verpligtinge ingevolge die Reglement van die Predikante Pensioenfonds.

VERBETERING VAN GROEPSVERSEKERING

Nadat 'n markondersoek gedoen is, het die addisionele sterftevoordele by Sanlam, t.o.v. lede wat nog aktief in diens is, verbeter vanaf R830 000 na R920 000. In ons jongste omsendbrief aan gemeentes (Des 2006) word die ou syfers nog getoon.

Die enkelbedrag t.o.v. ongeskiktheidsvoordele het vanaf R630 000 na R696 000 verbeter. Die wagperiode vir ongeskiktheidseise t.o.v. die maandelikse toelae is nou slegs 3 maande, teenoor die 6 maande wat dit voorheen was. Indien Sanlam die aansoek vir ongeskiktheid goedkeur, word die enkelbedrag onmiddellik uitbetaal.

Daar moet egter op gelet word dat die uitbetaling van 'n enkelbedrag by ongeskiktheidseise in so 'n ernstige lig beskou word, dat dit gesien word as 'n "vroeë sterftevoordeel" en hierdie bedrag sal dan deur Sanlam van die addisionele sterftevoordeel verhaal word. Dit bring mee dat indien 'n persoon R696 000 as enkelbedrag by ongeskiktheid sou ontvang, slegs die verskil van R224 000 in geval van sterfte tot krediet staan tot ouderdom 65 jaar.

Sanlam het nie die premies van 2006 verhoog nie. U betaal dus nog dieselfde premietarief as in 2006, maar ontvang verhoogde voordele. Dit toon dat die markondersoek baie goeie vrugte afgewerp het.

Goeie Beleggingsopbrengste skep geleenthede om beleggingsrisiko te verminder.

Die verklaring van beleggingsbeginsels wat gedurende 2005 deur die Trustees van die Predikante Pensioenfonds aanvaar is, dui die strategiese batetoewysing van die portefeulje vir aktiewe lede van die fonds soos volg aan: →

Bate samestelling van PPF

	Aktiewe lede (57%)	Pensioenarislede (43%)
	Strategie	Strategie
SA Aandele	55%	35%
SA Effekte & Kontant	30%	50%
Internasionale Aandele	10%	10%
Internasionale Effekte	5%	5%

Die Beleggingskommissie wat deur die Trustees aangestel is, monitor maandeliks die prestasie van die Fonds in die lig van die konsultante (Fifth Quadrant) se verslag vir die voorafgaande maande.

Die goeie groei in Suid Afrikaanse aandele wat deur Allan Gray Ltd, Investec Asset Managers, Polaris Capital en Coronation Fund Managers op die Suid Afrikaanse beurs behaal is, het die gevolg gehad dat die portefeulje by meer as een geleentheid weer balanseer moes word om by bogenoemde strategie te bly. Met ander woorde daar moes gereeld bates oorgeplaas word na Staats-effekte en Kontantbeleggings. Dit het beteken dat die risiko in 'n belegging op die aandelebeurs, wat soos verskeie mense verwag, verminder kon word, reg is vir 'n afwaartse aanpassing.

Die bogenoemde beleggingshuise wat Fifth Quadrant met hulle aanstelling aanbeveel het om Suid Afrikaanse aandele te bestuur, het die afgelope 18 maande tot 31 Maart 2007 die volgende groeikoerse getoon:

Allan Gray Ltd	**47.9% p.j.**
Investec	**46.4% p.j.**
Polaris	**41.1% p.j.**
Coronation	**42.2% p.j.**

Op 'n geweegde basis het hierdie maatskappye die S A Aandele indeks met 4.6% per jaar uitgepresteer, nadat beleggingsfooie afgetrek is. Nie een van hierdie maatskappye het onder die standaard presteer nie. Dit is 'n besondere prestasie.

Die opbrengste van die beleggingshuise wat die Suid Afrikaanse Effekte en Kontant-portefeuljes bestuur, was ook baie goed. Om die standaard van hierdie bateklas met meer as 1%, nadat fooie afgetrek is, uit te presteer, is 'n goeie prestasie.

Vervolg bl.2

Vervolg ... Goeie Beleggingsopbrengste skep geleenthede ...

Die maatskappye het soos volg presteer:

Investec 9.9%
SANLAM 9.3%

Op 'n geweegde basis het hierdie twee maatskappye die standaard met 1.4% uitgepresteer.

Wat internasionale aandele betref maak ons net van een maatskappy nl. Brandes, gebruik en hulle opbrengs was 41.2 % teenoor 'n standaard van 36.5% vir die jaar tot Maart.

Wat internasionale effekte betref, gebruik ons vir die laaste 9 maande 'n maatskappy met die naam van PIMCO en hulle opbrengs was 12.4 % teenoor 'n standaard van 12.6%.

Die totale opbrengs van die Fonds vir Aktiewe lede vir die afgelope 18 maande tot 31 Maart 2007 was 32.5% p.j. nadat beleggingsfooie betaal is.

In die "Verklaring van Beleggingsbeginsels" word onderskeid gemaak tussen Aktiewe en Pensioenarislede in die Strategiese Bate toewysings. Aangesien die portefeulje vir die Pensioenarislede aan minder risiko blootgestel moet wees, word net 35% in aandele belê (teenoor 55% van die aktiewe lede se portefeulje). Die laer risiko portefeulje groei dus stadiger wanneer aandeelpryse vinnig styg. Die risiko vir dalings is ook soveel minder. Die groei in hierdie gedeelte van die portefeulje was vir die laaste 18 maande tot 31 Maart 2007 gelyk aan 25.1% p.j. nadat beleggingsfooie betaal is.

Hierdie resultate is van die beste opbrengste wat oor die afgelope 18 maande vir pensioenfondse gelewer is en ons kan tevrede wees dat 5th Quadrant se aanbevelings goed was.

Met 'n verwagte inflasiekoers van ongeveer 6% per jaar is hierdie groei uitsonderlik hoog en daarom kan 'n mens nie hierdie persentasies vir 18 maande gebruik om vir die toekoms te projekteer of om verhogings in pensioene op die kort termyn te bepaal nie.

Bobbie Jooste
Voorsitter Beleggingskommissie

VERHOGINGS

Soos u reeds weet het die Trustees besluit dat 'n verhoging van 7% aan kategorie 1-pensioentrekkers en 5% aan kategorie 2-lede met effek vanaf 1 Maart 2007 toegestaan is. Daar het soveel briewe van dankbaarheid ons bereik - sommiges nie eers meer in staat om self 'n briefie te skryf nie, maar slegs in 'n bewerige handtekening onderteken. Ons gee al die eer aan ons Hemelse Vader wat vir sy kinders sorg.

AFTREEFONDS-HERVORMING

Een van die sake wat die wydste bespreek en oor gedebatteer word, is die Nasionale Tesourie se besprekingsdokument van die Aftreefondsbedryf wat onlangs vrygestel is. Die doel van die hervorming is om alle Suid-Afrikaners aan te moedig om voldoende vir hul aftrede voorsiening te maak.

Volgens die besprekingsdokument - dit is nog nie beleid nie - moet 'n verpligte nasionale pensioenfonds, waartoe alle werknemers behoort, reeds teen 2010 in werking tree. Of dit moontlik is, sal die tyd leer en daar lê nog 'n lang pad van oorlegpleging met alle rolspelers voor. Daar kan nog aansienlike veranderinge t.o.v. voorstelle gemaak word. Tot tyd en wyl sal die bestaande pensioenfondse aanhou in hul huidige formaat.

SURPLUS-VERKLARING

Die Registrateur van Pensioenfondse het bevestig dat daar geen surplus op 31/12/2003 in die Predikante Pensioenfonds is nie. Lede wat reeds die Fonds op 'n vroeëre stadium verlaat het, sal dus geen eise t.o.v. vroeëre surplus teen die Fonds kan inbring nie.

TRUSTEES: Die volle Raad van Trustees is as volg saamgestel:

Ledeverteenwoordigers:
Ds C T Visagie (Voorsitter)
Ds M H le Roux
Ds A J Lintvelt
Ds W H B Muller
Ds J I F de Villiers (Noord-Kaap)
Ds M P Sahd
Ds J D Steyn
Ds H J Steyn
Ds C H van Heerden (Oos-Kaap)
Ds F J Klopper (Kwazulu Natal)

Werkgewerverteenwoordigers:
Ds F J Cillié (Saakgelastigde)
Mnr E C Meyer
Ds B J van Dyk (Kwazulu-Natal)
Mnr C G van Schalkwyk
Ds F D Hugo (Noord-Kaap)
Mnr J W S Jooste
Dr J W J Viljoen (Oos-Kaap)
Mev C E Scholtz

Pensioenarisverteenwoordigers:
Ds C W Alheit
Ds D P Botha
Dr D J Hattingh

Die pensioenbedryf word al hoe meer gekompliseerd. Ons wil u gerusstel dat die Trustees aan die vereistes voldoen, en in die beste belang van die lede van die fonds optree. Hierdie goeie standaard van die trustees is onlangs bevestig na 'n roetine ondersoek deur die Raad op Finansiële Dienste

MOONTLIKE OORSKAKELING VAN 'N VASTE VOORDEELFONDS NA 'N VASTEBYDRAEFONDS

Die meeste van u het seker al kennis geneem van die Transvaalse en Vrystaatse fondse wat onlangs 'n Vastebydrae Pensioenfonds gestig het. Daarvolgens kon al die bestaande lede 'n eenmalige keuse uitoefen om 'n lid van die Vastebydrae Pensioenfonds te word.

Die aangeleentheid is ook op die agenda van ons Predikante Pensioenfonds. Die Trustees het besluit om eers die aktuariële waardering van die fonds, soos op 31 Des 2006, te voltooi en dan verder te besin oor die pad vorentoe. Simeka is tans besig met die waardering en die verslag sal by die volle trusteevergadering van 19 en 20 Julie 2007 dien.

Alle lede van die pensioenfonds sal deurlopend op hoogte gehou word van enige verwikkelinge wat mag plaasvind.

LERAARS OORLEDE

Ds A D Lückhoff is op Vrydag, 27 Oktober 2006 oorlede. Hy was 57 jr oud. Ds Danie was die afgelope jare predikant van die Strooidakkerk in die Paarl. Hy was 'n dinamiese prediker met 'n fyn sin vir humor, waarmee hy die Evangelie verkondig het. Hy het sy loopbaan in Bloemfontein-Wes begin, daarna St Helena (OVS), Heuwelsig en Caledon-Wes. In al die gemeentes waar hy gedien het, was hy bemind. Hy laat sy vrou, Annemarie, sy kinders Paul, Ralie en Susan met hulle gesinne agter.

Ds Kobus Koch, geliefde dominee en vroeër Predikant in Sinodale Diens van die Kaapse Sendingkantoor, wat nou Getuienisaksie (KGA) is, is op 8 Mei 2007 in die Louis Leipoldt hospitaal oorlede. Kobus het diep spore in die NG Kerkfamilie getrap. Hy het sy bediening in die destydse Transkei begin as predikant van Zithulele (1968). Dit, en sy huwelik met Louise Theron (gebore sendelingskind van Malawi) was goeie voorbereiding om later Sendingsekretaris van die Kaapse Kerk te word. Sy integriteit in die somtyds moeilike interkerklike verhoudings met die buitelandse NG Kerk-familie-vennote was na alle kante altyd bo enige verdenking. Soos iemand eenkeer opgemerk het, was die lelikste ding wat hy ooit van mense sou sê, "Die Here het darem ook maar interessante kinders!" Sy begrafnis was Vrydag 11 Mei vanuit Sonstraal-gemeente.

Emeriti oorlede

† Ds P J du P Strauss - oorlede 22/8/2006, laaste standplaas VGK Ceres
† Ds P S Bester - oorlede 29/9/2006, laaste standplaas NGK Jeffreysbaai
† Ds C J Meyer - oorlede 31/10/2006, laaste standplaas NGK Van Zylsrus
† Ds J J Badenhorst - oorlede op 28/10/2006, laaste standplaas NGK Adelaide
† Ds D F v/d Merwe - oorlede op 7/12/2006, laaste standplaas NGK Bergsig, Newcastle
† Ds M B Brink - oorlede op 22/12/2006, laaste standplaas NG Toringkerk, Paarl
† Ds M A Bergh - oorlede op 28/11/2006, laaste standplaas NGK Zwaanswyk
† Ds A H A Heyns - oorlede op 31/12/2006, laaste standplaas NGK Stellenbosch-Wes
† Ds C H Steenkamp - oorlede op 10/01/2007, laaste standplaas NGK Ceres-Vallei
† Ds H Venter - oorlede op 9/2/2007, laaste standplaas NGK Kangovallei

Vervolg bl.4

LERAARS MET ONGESKIKTHEIDS-PENSIOEN

° Ds W D A Nieuwoudt, NGK Kammieskroon, vanaf 1/8/2006
° Ds M F Steyn, NGK Humansdorp, vanaf 31/7/2006
° Ds L J P van Niekerk, NGK Somerset-Wes, vanaf 31/3/2006
° Ds J J Esterhuyse, NGK Kuilsrivier, vanaf 1/2/2007

LERAARS MET PENSIOEN

Sedert ons laaste Nuusbrief in September 2006, het die volgende lede ge-emeriteer:

° Ds P E de Jager, laaste standplaas NGK Goodwood (ongeskik verklaar 1994) met pensioen op 31/12/2006
° Ds N J Marais, NGK Paarl-berg, op 30/11/2006
° Ds J N M Hartney, VGK Sarepta, op 1/3/2007
° Ds J N van Niekerk, NGK Porterville, op 1/3./007
° Ds P D Olivier, NGK Loxton, op 1/3/2007
° Ds C A Anthonissen, NG Studentekerk, Stellenbosch, op 1/3/2007
° Ds O C Britz, NG Kerk Helderberg, op 1/3/2007
° Ds S A Esterhuizen, NGK Bellville-Noord, op 30/4/2007

LERAARS UITDIENS GETREE

° Ds H J Duminy, NGK McGregor, op 30/9/2006
° Ds M Kruger, Melmoth, op 30/9/2006
° Ds D Snyman, NGK Natal, op 31/10/2006
° Ds G Roberts, King Fisher, op 30/9/2006
° Ds A Schwartz, Studieverlof, op 31/10/2006
° Ds I J H Visagie, NGK King Williamstown, op 31/10/2006
° Ds J J Laubser, NGK Kakamas, op 31/12/2006
° Ds N Weeber, NGK Dias, op 20/1/2007
° Ds A S Labuschagne, NGK Newtonpark, op 1/3/2007
° Ds H H van Huyssteen, Gamkavallei, op 1/3/2007
° Ds J S Rheeder, George-Denneoord, beroep aangeneem Afrikaanse Kerk Nieu Zeeland op 30/6/2007

BELASTING

Mnre Keith Engel, hoofdirekteur van die nasionale tesourie, en Franz Tomasek, hoofbestuurder van belastingbeleid by die SA Inkomstediens, het aan die portefeuljekomitee oor finansies gesê daar gaan heeltemal weggedoen word met die ingewikkelde formules wat tans gebruik word om die belastingvrye gedeelte (en belaste deel se koers) van die toegelate 1/3-uitbetaling in een bedrag, van pensioenbeleggings by aftrede te bereken.

Suid-Afrikaners wat aftree, sal vanaf 1 Okt 2007, R300 000 van hul pensioengeld op een slag belastingvry kan ontvang, het amptenare van die nasionale tesourie in die parlement aangekondig. Hierdie wet is nog nie geproklameer nie. Dit sal dus wys wees vir elkeen wat onder die verpligte aftree-ouderdom is, en beplan om voor Oktober 2007 af te tree, om tog maar vas te staan tot na hierdie datum. Dit bly finansieel ook beter om vroeg in Maart van die volgende jaar af te tree, sodat u pensioen o.g.v. die verhoogde traktementskaal bepaal word)

Die nuwe vereenvoudigde stelsel, waarvolgens die eerste R300 000 (plus vorige belaste aftreefondsbydraes) belastingvry sal wees, die volgende R300 000 teen 18% en alle uitbetalings bo R600 000 teen 36% belas sal word, sal deel vorm van die wysigings aan die belastingwette wat gestalte sal gee aan aankondigings in Maart 2007 se begrotingsrede. Die bepaling dat net 1/3 van pensioenfondsgeld op een slag (in een bedrag) geneem kan word en die ander 2/3 vir 'n maandelikse pensioen aangewend moet word, bly so, behalwe dat die drumpel tot waar die 1/3 oorskry kan word, tot 'n vaste bedrag van R50 000 opgeskuif word.

In die onlangse begrotingsrede het die Minister van Finansies aangekondig dat die belasting op die rente-opbrengs van Pensioenfondse (voorheen 9%) geskrap word. Dis sal 'n positiewe effek op beleggingsopbrengs hê.

DESIGN A PRINT 021 975 9648

FIDENTIA SKANDAAL

U het heelwat in die media verneem van die posisie van Fidentia wat onder kuratorskap geplaas is. Ons wil dit graag onder die lede en pensioenarisse se aandag bring dat die sage o.a. ook gehandel het oor trustees van 'n TRUST wat reg in eie hande geneem het en kontant en bates self hanteer het.

Ons wil egter vir ons lede en pensioenarisse die gemoedsrus verseker dat die PPF se Trustees verskeie prosesse in plek het om sulke gebeure te voorkom. Daar is konsultante, subkomitees, ouditeure en beleggingskonsultante wat advies voorsien en alle handelinge monitor. Die Raad het ook 'n streng gedragskode waaraan hulle moet voldoen en trustees kan geensins bates self hanteer nie.

Die nodige getrouheidswaarborg-versekering is ook in plek om die Fonds en lede te beskerm sou die Fonds skade lei a.g.v. bedrog of nalatigheid.

Ons wil almal die versekering gee dat die NG Kerk in SA en die pensioenfonds geen beleggings/bates by Fidentia en/of hulle filiale het nie en ook nooit voorheen gehad het nie.

Die lede en pensioenarisse kan gerus wees dat die Trustees hulle pligte ter beveiliging van beleggings, deeglik nakom.

Ds Callie Visagie
Voorsitter PPF

Nuusbrief geborg deur:
Simeka Aktuarisse en Konsultante

LERAARS OORLEDE vervolg van bl 3

† Ds J F Viljoen - oorlede op 16/4/2007, laaste standplaas NGK Kraggakamma
† Ds C F Dick - oorlede op 6/5/2007, Dundee SSB (Sentrale Sending Bestuur)
† Ds J H Kock - oorlede op 8/5/2007, laaste standplaas PSD Kommissie vir Getuienisaksie

Ons innige simpatie aan die naasbestaandes van bogenoemdes. Ons is dankbaar vir die jare wat ons Hemelse Vader u saam gegun het, en bid dat die liefde van Jesus Christus u sal omring en dra op die pad vorentoe.

HUMOR

Ek het vir 'n organisasie gewerk wat maaltye aan ouetehuise voorsien het. My 5-jarige dogtertjie het altyd saamgegaan wanneer ek aflewerings gaan doen het, en was altyd baie geïnteresseerd in "oumensdinge", soos rolstoele, ens. Eendag toe kry ek haar waar sy na 'n paar vals tande in 'n bakkie water staar. Ek het myself reggemaak vir duisende vrae. Sy het na my gekyk en gefluister: "Die tandemuis sal dit nooit glo nie!"

'n Paar predikante is bymekaar en besluit om oor hul sondes te bieg So sê die eerste een hy is darem so lief vir vrouens, ja sê die ander een hy het ook maar 'n probleem met vrouens - hy het al sy vrou so gekul. Die ander een sê weer hy is tog so dorstig en kan nie die bottel los nie. Die laaste predikant sit tjoepstil en almal vra hoekom hy nie bieg nie. Hy sê toe hy weet nie of hy moet sê nie, maar eintlik is hy tog so lief vir skinder en hy kan nie wag om hier uit te kom nie!

PERSONEEL

Mnr C K Esterhuyse (by die meeste bekend as Essie) het op 28 Feb 2007 afgetree. Hy was vir 37 jaar werksaam in die Sinodalekantoor. Essie is 'n tipe persoon wat nie net die eerste myl met iemand kon loop nie, maar selfs die tweede en derde. Skribas het hom dikwels geskakel en hy sou uit sy pad gaan om tot hulp te wees. Ons sal hom almal baie mis, want vir ons as personeel het hy ook baie bederf met sy hulpvaardigheid.

Mev Stephanie van der Merwe is nuut by die personeel in die administratiewe afdeling aangestel. Sy sal ook behulpsaam wees in die Pensioendepartement. Stephanie het gemaklik by ons personeel ingeskakel. Ons vertrou dat sy gelukkig hier sal wees en dat ons nog lank saam sal werk.